# Skrifberoep en die hantering daarvan in sending

P. Verster
Departement Sendingwetenskap
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: versterp.hum@ufs.ac.za

**Abstract**

**Appealing to Scripture and its use in mission**

*Appealing to Scripture in mission is very important as far as the essence of salvation is concerned. Different views on appealing to Scripture are in circulation, and one has to confront the question as to whether it is still possible to refer to sin, heaven, hell and salvation. Paul appealed to the Old Testament in a specific way, but he always tried to remain true to Scripture. Calvin emphasised appealing to Scripture as essential. Kuyper did not agree with higher criticism on Scripture, but also warned against a pietistic view of Scripture. Bultmann desired to rid Scripture of mythology, but also had to appeal directly to aspects of Scripture. In mission, the essential aspects like sin, heaven, hell and salvation still need to be acknowledged though in an exegetically and hermeneutically sound way.*

**Opsomming**

**Skrifberoep en die hantering daarvan in sending**

*Skrifberoep in sending bly belangrik om die wesenlike van die verlossing te bevestig. Verskillende beskouings oor Skrifberoep kom voor en die vraag of ’n mens nog na sonde, hemel, hel en verlossing kan verwys, moet gevra word. Paulus het op ’n bepaalde wyse na die Ou Testament verwys, maar wou altyd aan die Skrif getrou bly. Calvyn het die Skrifberoep as essensieel beskou. Kuyper het Skrifkritiek afgewys, maar het ook teen piëtistiese benadering in Skrifgebruik gewaarsku. Bultmann wou die Skrif ontmitologiseer, maar moes tog uiteindelik ook direk na die Skrif verwys. Sonde, hemel, hel en verlossing moet steeds erken word en op die regte eksegetiese en hermeneutiese wyse bevestig word.*

## 1. Inleiding

Skrifberoep bly 'n uiters belangrike saak en dit raak sending ten diepste. Dit is van groot belang nie alleen omdat sendingwerk met die oorsteek van grense en die uitdra van God se boodskap in die wêreld saamhang nie, maar ook omdat sending ten diepste vrae stel oor die betekenis van die Skrif vir mense se lewens in 'n grenssituasie. Dit is dus betekenisvol om indringend na die implikasies van verskillende vorms van Skrifberoep te kyk. Die implikasies daarvan vir sending sou dan bepaal kon word. Die Skrif is ten diepste die openbaring van God. In die Skrif kom God aan die woord. Hierdie uitgangspunt word deurgaans gehandhaaf.

## 2. Vraagstukstelling en metodologie

Die betekenis van die Skrif moet bepaal word wanneer indringende vrae gestel word soos wat die implikasies van sonde en verlossing is; of mense verlore gaan; of daar iets soos die hemel en die hel is; of daar 'n beroep op mense gedoen kan word om tot bekering te kom; of daar verandering in die lewens van mense kan kom deur die verkondiging van die evangelie en watter verandering dit sal meebring; en watter betekenis die evangelie vir mense in die verskillende aspekte van hulle lewens het. Vanuit 'n postmoderne wêreldbeeld word sekere aspekte van sending bevraagteken en as premodern beskou. Is daar egter wel sekere sake wat nie deur 'n veranderende wêreldbeeld weggeredeneer kan word nie? Kan die Skrif daarom steeds gebruik word om daardie eise van God te bevestig en te beklemtoon? Om hierdie sake te ondersoek, word enkele maniere van Skrifondersoek oorweeg in die lig van die Skrifberoep wat deur die eeue voorgekom het. Die oortuiging dat die Woord van God ewig is, word egter deurgaans bevestig en bely.

Die definisie van sending wat in hierdie artikel ter sprake is, is belangrik. Die samehang van sending met sake soos verlossing, hemel en hel, vergifnis en heil laat geen twyfel nie dat die definisie van sending inderdaad evangelisering insluit. Sending as die bediening van die versoening sluit sake in soos die dringende oproep om bekering, asook die appèl om die versoening van God in sy Seun Jesus Christus te aanvaar. 'n Ruimer definisie van sending is moontlik, maar die vraag moet gevra word of die Skrif wel gebruik kan word om sending met die bediening van die versoening in verband te bring. Die wyse waarop die Skrif dan ter sprake kom, is van groot belang. Hierdie begronding van sending mond uit in die ruimer verstaan daarvan, waarin sake soos diakonia (diens) en humanisering 'n belangrike rol speel. Dit word egter vanuit die invalshoek van

evangelisering verstaan. Soms word sending geheel en al anders begrond. Evangelisering word byvoorbeeld in sodanige definisies afgewys. Hermeneutiese beginsels speel hierin ook 'n belangrike rol. Die vraag is egter of dit houdbaar is om sending as evangelisering te verstaan. God is die sturende God (*missio Dei*) wat in die Skrif aan die woord kom. Die wyse waarop Hy aan die woord kom, word deur die Skrifberoep na vore gebring.

## 3. Skrifberoep: 'n oorsig

### 3.1 Pauliniese Skrifberoep

Dit is belangrik om by Paulus te begin wanneer oor Skrifberoep en sending geredeneer word. Die Skrif self kom deur die Skrif by hom aan die woord. Vir Paulus is sending van die allergrootste belang. Die begronding van sending as die bediening van die versoening word juis by hom gevind. Hy is vas oortuig dat God self in die Skrif spreek.

Ten opsigte van die Skrifberoep van byvoorbeeld Paulus word aangetoon dat hy nie 'n moderne verstaan van die uitleg van verskillende tekste gehad het nie, maar dat hy tekste juis geïnterpreteer het volgens die tyd waarin hy geleef het, en dat hy die metodes van sy tyd gebruik het met die implikasie wat dit vir Skrifberoep het. Sampley (2003) se omvattende werk dui juis aan dat Paulus onder andere vanuit die Grieks-Romeinse wêreld verstaan moet word (vgl. ook Engberg-Pedersen, 2004). Paulus het ook vanuit die rabbynse agtergrond opgetree: "Paul seems to have soaked up the eschatological as well as the theocratic and political teachings of the Pharisees" (Witherington, 1998:96; vgl. ook Chilton, 2004:28 e.v.). Paulus se Skrifberoep is in die gebruik van die Ou Testament begrond. Temas rondom Adam, Abraham, die Messias en die Dag van die Here kom daaruit voort (Horrel, 2006:59). Die wyse waarop Paulus verskillende tekste in die Ou Testament aanhaal, sal waarskynlik nie in die moderne tyd op dieselfde manier gedoen word nie, maar dit neem nie weg dat hy wel die Ou Testament wou benut om sy argumente te steun nie.

In Romeine bevestig Paulus dat die sonde 'n radikale werklikheid is en hy verwys daarna as 'n toestand waarin die mens verkeer (Bock, 1981:269). Schreiner (2001:127) vat dit soos volg saam:

> We have seen that the fundamental sin is the failure to honor God as God, that all people disobey God's law and that people boast in themselves rather than in God. When Paul considers

> the human condition, however, he does not merely describe what people actually do (sin, fail to glorify God and boast). He also explains the nature of human beings. Those who are born in Adam do not merely sin; they are also slaves to sin. Sin, as an alien power, dominates them. They are under its rule and authority.

Paulus beroep hom op die Ou Testament om die universaliteit van die sonde te beskryf. In Romeine 3:10-18 sluit hy by verskeie Ou-Testamentiese gedeeltes aan. Hy sluit ook by die Ou-Testamentiese beskrywing van Adam aan (Rom. 5:12-21).

Paulus hanteer die Ou Testament op verskillende wyses. Soms sou dit as 'n fundamentele hantering beskryf kon word, soos in Romeine 3 met die behandeling van die universaliteit van die sonde onder mense; soms is sy hantering interpretatief, soos in die Adam/ Christus-tipologie in Romeine 5; en soms is dit allegories, soos by die Hagar/Sara-vergelyking in Galasiërs.

In 'n belangrike artikel wys Van Zyl (1986) op die verskillende wyses waarop die Ou Testament in die Nuwe Testament aangewend word. Sentraal in die hantering van die Ou-Testamentiese gedeeltes is die feit dat dit op Christus van toepassing gemaak word. Daarom is 'n sterk Christologies-apologetiese hantering op die voorgrond (Van Zyl, 1986:39). Paulus gebruik ook verskeie metodes van die Joodse eksegese om sy standpunte teenoor die Jode te verdedig (Van Zyl, 1986:53). "Die verskil in resultaat word dus nie teweeggebring deur verskillende metodes van Skrifuitleg nie, maar omdat Paulus vanuit die vervulling in Christus redeneer en die Jode nie" (Van Zyl, 1986:54).

Die Christologiese interpretasie van die Ou Testament deur die Nuwe was volgens Van Zyl (1986:67) wel 'n hermeneutiese en heilshistoriese deurbraak, maar hy is tog van mening dat dit nie net so in die huidige tyd toegepas kan word nie. Die Ou Testament is met reg so geïnterpreteer vir die heil in Christus, maar dit moet nie as ewigdurende beginsel beskou word nie.

Daar is weinig twyfel dat Paulus wel ook die gedeeltes waarna hy verwys op 'n nuwe teologiese wyse deurgee. Veral Koch (1986) toon in sy omvangryke studie oor Paulus se Skrifberoep aan dat hy die Ou Testament op verskeie wyses herinterpreteer. Paulus wend hom egter steeds tot die Skrif:

> Je stärker Paulus sich Veranlasst sieht, seine eigene Position theologisch zu klären, desto intensiver wird zugleich auch die

> Beschäftigung mit der Schrift und ihre Verwendung in seinen Briefen. (Koch, 1986:101.)

Ook Hays (1989) toon aan dat Paulus vanuit 'n bepaalde interpretasie na die Ou Testament gaan. Paulus stel alles in werking om die Ou-Testamentiese tekste aan te wend om sy getuienis uit te dra, soms op 'n wyse wat vir sy tydgenote onverstaanbaar en selfs verregaande sou wees (Hays, 1989:2). Hy interpreteer die hooflyne van die Ou Testament nuut, maar op so 'n wyse dat dit die moontlikheid ooplaat dat die Skrif wel in die Skrifberoep dinamies kan kommunikeer. In die Skrifberoep moet dit dus om die essensie van die oorspronklike gaan, maar 'n nuwe interpretasie is wel moontlik.

## 3.2 Die Reformasie

Wat die Reformasie betref, is die Skrifberoep van Calvyn van groot belang. Calvyn figureer prominent wanneer die Skrifberoep van sending ontleed word. Nie alleen het hy opnuut die belang van Skrifberoep vooropgestel nie, maar hy het ook ingrypende nuwe implikasies van die Skrif uitgewys. Hy doen dit egter altyd met volle oortuiging dat God aan die woord kom. Waar Calvyn (s.a., 1:42 e.v.; *Inst.* 1.7) dit baie uitdruklik gestel het dat hy graag die besondere betekenis van die Woord van God wil verstaan, die betekenis wil uitlig soos wat dit werklik moet wees en die verstaan daarvan na vore wil bring, is dit duidelik dat hy ook vanuit die bepaalde perspektief van sy tyd na die teks gekyk het. *Ad fontes*, terug na die bronne, was juis sy uitgangspunt. Calvyn (s.a., 2:457 e.v.; *Inst.* 2.10) het egter altyd probeer om die Skrif vanuit die geheel te beskou en die implikasies van die verskillende tekste van nader te bekyk.

Die kruis is van die allergrootste belang in sending. Die wyse waarop Calvyn daarmee handel, is dus ook van wesenlike belang. Wanneer dit oor die kruis van Jesus Christus gaan, beskou Calvyn (s.a., 2:555 e.v.; *Inst.* 2.16.5-6) dit as die *skandalon*. Die kruis is volgens die Ou Testament die vloekhout; die een wat aan die kruis opgehang word, is 'n vervloekte. Christus is daarom die vervloekte wat aan die kruis opgehang word, omdat hy die *skandalon*, die kruis, moet dra. Dit beteken dat Christus weens die oordeel wat oor Hom uitgespreek is, aan die kruis die vloek vir mense dra. Hy word dus die een wat deur God in die plek van die geregverdigde uitverkore mens tot vloek gereken word. So kon Calvyn (s.a., 2:555; *Inst.* 2.16.5-6) dan in sy implikasies en interpretasie van die Skrif die verband tussen die Ou-Testamentiese vloekhout en die Nuwe-Testamentiese verstaan van die dood van Christus lê. Hierdie dood van Christus het betekenis deurdat dit aan die mense gebring moet

word, want wie kan hoor as dit nie verkondig word, en wie kan tot bekering kom as die Woord van God nie aan mense gebring word nie? Calvyn (s.a., 2:557; *Inst.* 2.16.6-7) het daarom ’n sterk saak daarvoor uitgemaak dat God in die wêreld ingryp en mense tot bekering lei. Dit moet egter ook verstaan word binne sy raamwerk van predestinasie en die beginsels van die uitverkiesing. God beskik oor mense se lewe, maar dit is in God se raad opgeneem en daarom lê Calvyn (s.a.. 2:577 e.v.; *Inst.* 2.17.1-2) geweldig klem op die hele gedagte van die Raad van God. Dit is daarom ook goed om Efesiërs 1 in die lig van die uitverkiesingsverstaan van Calvyn te beoordeel en te begryp hoedat hy dit verder beskou het.

### 3.3 Neo-Calvinisme

Kuyper se Skrifverstaan is van groot belang omdat hy die stryd teen die Skrifkritiek aangeknoop het en as eksponent van die Neo-Calvinisme die Skrif letterlik opgeneem het sonder om in ’n reglynige uitleg te verval. Volgens Kuyper kan die leser wel verstaan wat sy/hy lees. Die Skrif is nie onduidelik nie. Dit is nie nodig dat die ingewyde eksegeet eers die Skrif uitlê voordat die leser hoegenaamd kan verstaan wat daarin staan nie. Juis daarom wil Kuyper aantoon hoe God self in die Skrif spreek.

Kuyper het dus groot klem op die direkte verstaan van bepaalde tekste gelê. Hy het skerp kritiek teen die piëtisme aangeteken. Tekste kan wel direk kommunikeer en die wyse waarop dit kommunikeer, is geplaas binne die tekste se verstaansraamwerk wat met die genre en die beginsels van die Skrif verband hou. Vir Kuyper was dit inderdaad so dat hierdie tekste dikwels reglynig geïnterpreteer moes word. Hy het dus die organiese inspirasiemodel volledig uitgewerk. Volgens hom beteken dit nie dat die inspirasie meganies plaasvind nie, maar daar is diegene wat meen dat Kuyper dit wel onder sekere omstandighede meganisties verstaan het. Van Keulen (1999:128) verwoord dit soos volg:

> Yet there are passages in Kuyper’s *Encyclopedia* in which the inspiration of Scripture appears to take on traces of a mechanical view of inspiration. We have seen that Kuyper considers the biblical writers to have been predestined for their task. In general, the term predestination always invokes the question of the extent of human freedom. We also have seen how Kuyper compares inspiration to a telephone and that the Holy Spirit can use the biblical writers as unconscious organs. In one instance in the *Encyclopedia* Kuyper makes a conscious exception to the rule that inspiration is organic, i.e. where he

> discusses 'the' (sic) origin of the creation story. Because there were no people present when the heavens and earth were created, one can only conclude that God is the sole author of this narrative.

Sy skerp kritiek teen die Skrifkritiek het beteken dat hy hom in alle opsigte op die Skrif wou beroep (Kuyper, 1881:17 e.v). Kuyper lê groot klem op die waarheid dat die Skrif God se Woord is en hy verset hom teen die Skrifkritiek wat onderskeid tref tussen die Skrif en die Woord van God. Hy beskou die inspirasie ook as 'n afskaduwing van die vleeswording van die Woord. Kuyper (1881:20) skryf: "De Schrift is Gods Woord én als geheel én in zijne deelen." Die Heilige Gees lê inderdaad die Skrif voor in al sy dele as dat dit van God kom. Die onfeilbare outoriteit kom dus volgens hom van God self (Kuyper, 1881:21).

As voorbeeld van hoe Kuyper (s.a.:499 e.v.) die Skrif aanwend, kan verwys word na sy hantering van die sondeval. Hy beskou die gebeure as werklike gebeure en verwys na Adam en Satan se rol daarin. Hy beskou Adam se skuld as opset om teen God in te gaan. Die Skrif word egter ook deur Kuyper (s.a.:501) geïnterpreteer aangesien hy self die implikasies trek waarin die skuld en opset uiteengesit word. Die Skrif is die bron waaruit die implikasies voortvloei. Kuyper (s.a.:501) beroep hom egter op 'n letterlike verstaan van die sondevalgebeure.

### 3.4 Ontmitologisering

Die groot omwenteling in Skrifverstaan het gekom toe die vraag gestel is of die Skrif direk kommunikeer en of daar nie in die lig van die totale vreemde ontstaansgeskiedenis van die Bybel en die genreverskille in die Bybel ook begryp moet word dat ons in die Skrifberoep die totaal verskillende kommunikasiemodus van elkeen van die verskillende aspekte van die Skrif moet verreken nie. Daarmee word baie duidelik verstaan dat elke verskillende teksgedeelte eers geëvalueer moet word in die lig van die nuwe verstaan van so 'n teksgedeelte.

Veral Rudolf Bultmann het met sy ontmitogoliseringsprojek 'n totaal nuwe begrip van Skrifverstaan na vore gebring. Bultmann skep met sy Skrifberoep 'n nuwe wêreld. Sake soos hemel en hel kry 'n totaal ander betekenis. Sending moet kennis neem van die groot verskuiwing wat met hierdie Skrifberoep veronderstel word. Die deure vir 'n totaal nuwe interpretasie van die Skrif is geopen en dit sou ook sending ingrypend raak. Deur die ontmitologisering moet gesoek

word na die essensie van dit wat oorgedra word. Daar is verpakking wat weggeneem moet word sodat by die essensiële uitgekom kan word. Hierdie verpakking moet weggeneem word sodat dit wat die teks uiteindelik sê, wel waargeneem kan word. Met *mite* word 'n bepaalde begrip van bestaan veronderstel. Die mite druk iets van die bestaan uit, maar in 'n verpakking wat verhul (Johnson, 1974:203). Volgens Bultmann is die wêreldbeeld van die Nuwe Testament mitologies en moet dit daarvan bevry word Dit sluit die tradisionele beskouing oor verlossing in (Bultmann, 1985:1 e.v.). Dit is immers mitologiese taal waarin die verlossing van sonde en vrymaking in Christus geklee word (Bultmann, 1985:2 e.v.). Teenoor die mitologiese word die kerugmatiese gestel; daarin kom die Woord wel tot gestalte (Roberts, 1976:83 e.v. ).

As voorbeeld van hoe Bultmann (1985:30) oor die sonde en verlossing praat, kan na sy beskouing oor vergifnis verwys word:

> This makes quite clear that the forgiveness of sin is not meant in the juristic sense merely as remission of punishment, so that for the rest the human situation would remain the same. Rather, what is given through forgiveness is freedom from the sin by which we have hitherto been held captive. And this freedom, in turn, is not understood as a natural quality but as freedom for obedience. Alongside of the indicative there stands the imperative. And in so far as all the demands under which we stand are summed up by the demand of love, those of us who are freed from ourselves by God's forgiveness are freed for submission to others. (Vgl. ook Rom. 13:8-10; Gal. 5:14.)

Geloof in die vergifnis maak dit moontlik om so voor God te leef (Bultmann, 1987:63). Ware geloof beteken 'n nuwe selfverstaan as mens voor God, vry van die beperkings wat jou omring (Bultmann, 1987:275).

Dat Bultmann self nie van 'n meer direkte Skrifberoep vrykom nie, blyk tog ook uit sy verduideliking van vlees en gees (vgl. sy gebruik van Rom. 7:7 e.v. en Gal. 5:16 e.v. en 24 en Rom. 6:12, ens.; Bultmann, 1952:241). Dit beteken dat hy ten spyte van sy essensiële kritiek teen 'n reglynige Skrifverstaan soms tog nie anders kon as om die Skrif direk te verstaan nie, wat selfs vir hom in beginsel die weg oopmaak na direkte Skrifberoep en die erkenning dat uiteenlopende wêrelde nie alle kommunikasie tussen verskillende tye onmoontlik maak nie.

Ten spyte daarvan maak Bultmann se Skrifverstaan dit hoogs onwaarskynlik dat die gewone lidmaat, sonder die insig van die ont-

mitologiserende eksegeet, die Skrif sal kan verstaan. Skrifberoep word vir die ingewydes behou. Die leser moet dus, volgens hom, eers met die hele proses van ontmitologisering bedien word voordat hy/sy die Skrif kan verstaan.

### 3.5 Postmodernistiese interpretasies

Die postmodernistiese hermeneutiek maak verskeie interpretasies van tekste moontlik, omdat daar volgens hierdie beskouing nie enige absolute waarhede bestaan nie en rasionaliteit ernstig onder verdenking is. Die postmodernistiese benadering probeer juis om verskeie implikasies van ’n teks te verreken. Dit kom daarop neer dat die teks self nie absoluut is nie. Die teks is slegs die vertrekpunt. Die teks genereer betekenisse. Hierdie betekenisse is veelvuldig en kan tot verskeie, selfs teenstrydige gevolgtrekkings lei. Die interpretasies word egter nie heeltemal arbitrêr nie. Daar bestaan wel bepaalde konstantes wat nie die interpretasies geheel en al onsinnig laat word nie. Eie interpretasies word egter die maatstaf. Ten opsigte van religieuse tekste skryf Derrida (2002:133):

> What comes to pass in a sacred text is the occurrence of a *pas de sens*. And this event is also the one starting from which it is possible to think the poetic or literary text which tries to redeem the lost sacred and there translates itself as in its model. *Pas de sens* – that does not signify poverty of meaning but no meaning that would be itself, meaning beyond any ‘literality’.

## 4. Die hantering van Skrifberoep in sending

### 4.1 Eksponente van Skrifberoep in sending

#### 4.1.1 J.H. Bavinck

Bavinck (1954:24 e.v.) het van die standpunt uitgegaan dat die Skrif duidelik oor sending praat. Sowel die Ou as Nuwe Testament getuig van God se genadige ingryping en oproep tot sending. God se heilsplan word van die eerste bladsye van die Bybel af sigbaar (Bavinck, 1954:24). Bavinck (1954:70) meen dat daar maar één fundering vir sending is, naamlik die genadige welbehae van God in Jesus Christus, sy Seun. In sy Skrifberoep sluit Bavinck by Calvyn en Kuyper aan. Hy lê klem op woorde wat die sendingsaak uitdruk, soos byvoorbeeld die werkwoord “roep” in Jesaja 55:5 (Bavinck, 1954: 74). Die Skrif kommunikeer dus ook direk met behulp van verskillende woorde wat gebruik word om die sendingsaak te bevorder. Bavinck (1954:75 e.v.) wys egter ook daarop dat sending ruimer is as verkondiging. In sy verwysing na die Matteusevangelie dui hy aan dat

die sendingbevel verwoord word in die konteks van die mag en bevoegdheid wat op grond van sy middelaarswerk aan Jesus verleen is (Bavinck, 1954:45). Die oproep is om die koningskap van Christus oor die hele wêreld te verkondig. Die begronding van God se genade en liefde in Christus vind hy ook in Johannes se Evangelie (Bavinck, 1954:45).

Bavinck (1954:45 e.v.) vind nie veel onderskeid in die wyse waarop verskillende Bybelboeke in die Skrifberoep hanteer word nie, maar daar is tog erkenning vir die profetiese stof en byvoorbeeld die uniekheid van Paulus se briewe. Hy beklemtoon dat die "woord" van versoening gebring word wanneer hy na Paulus se hantering van die versoening in 2 Korintiërs 5:11-21 verwys (Bavinck, 1954:53). Dit dui weereens aan hoedat Bavinck die Skrif reglynig uitlê. Bavinck is egter nie skuldig aan biblisisme nie omdat hy die raam waarbinne sending plaasvind, naamlik God se genade in Jesus Christus, deurgaans erken.

### 4.1.2 D.J. Bosch

Bosch hanteer die Skrif vanuit 'n ander perspektief. Hy werk met die histories-kritiese metode en maak veel van die gemeenskap van geloof waarbinne die Skrif funksioneer. Bosch (1991:21) wys Bultmann se kritiek teen die historiese Jesus af. Hy (Bosch, 1991:23) toon aan dat die verskil tussen die sosio-kulturele agtergrond van die Bybel en die hedendaagse omgewing gerespekteer moet word, selfs waar dit nie so groot is nie, maar dat daar verder as 'n histories-kritiese studie beweeg moet word. Die teks van die Bybel genereer volgens Bosch (1991:23) verskillende betekenisse en daarom kan die teks nie tot 'n enkele algemene betekenis gereduseer word nie. Bosch (1991:23) stel sy standpunt duidelik: "The variety of Christian utterances can therefore not be unlimited. It is in fact limited – not only by the community of believers but, even more fundamentally, by the community's 'charter of foundation', the event of Jesus Christ." Bosch (1991:65) toon besondere respek vir die teks wanneer hy die groot opdrag in Matteus hanteer. Matteus se eie aard kry ook groot erkenning. Hy hanteer Matteus en Lukas verskillend. Wat Paulus betref, gee Bosch besondere aandag aan sy Joodse agtergrond. Hy interpreteer Paulus dus nie reglynig nie, maar in die lig van die omstandighede en die nuwe betekenis wat hy aan die lewe met God gee (Bosch, 1991:143). Bosch (1991:143 e.v.) is egter steeds bereid om die Bybel in die Skrifberoep direk aan te haal.

Die gevolgtrekking is dat Bosch wel kennis neem van die historieskritiese metode, maar dat hy die teks eerder in die gemeenskap van geloof en vanuit die Jesusgebeure wil lees. Sending kry ook by hom 'n besonder ruim betekenis. Hy interpreteer sending in die lig van 'n opkomende, postmoderne, ekumeniese paradigma. Die Jesusgebeure speel daarin 'n beslissende rol (Bosch, 1991). Dit is dus duidelik hoe die Skrifberoep wel 'n invloed op die Skrifverstaan en die verstaan van sending het. Bosch se Skrifberoep lei tot 'n ruim begrip van sending. Sy interpretasie van sending word dus wel gedra deur respek vir die Skrif, maar hy is tog geneig om die begronding nie vanuit die openbaring te bevestig nie, maar vanuit die geloofsgemeenskap. Dit neem nie weg dat hy wel die Goddelike element van die Skrif erken nie, maar dit maak dit wel moontlik om grense te verskuif.

### 4.1.3 C. van Engen

Van Engen kan as 'n evangeliese teoloog beskou word. Hy is van mening dat die Skrif soos 'n tapesserie beskou moet word waarin die waarhede soms onseker voorgestel word, maar in die geheel nuwe betekenis verkry. Van Engen (1996:41-42) stel dit soos volg:

> By viewing the Scriptures as an interwoven tapestry, we can affirm the Bible as a unified whole and also deal intentionally with the diversity of the history and cultures of the Bible ... This is not an allegorical approach, nor is it purely literalist. We are not advocating a simple one-to-one correspondence of biblical response to our perceived needs, nor is it strictly a matter of discovering dynamic equivalence ... Rather, we are seeking an intimate interrelationship of text and new contexts through the vehicle of particular themes or motifs that bridge the text's initial context with today's contexts of missions.

Hy verwys ook na die narratiewe teologie en vind baie wat aanvaarbaar is, maar waarsku teen die tendens om die historiese te misken, die kontekstuele begronding van die teks af te wys en die waarheidsbegrip te verskuif (Van Engen, 1996:60).

Van Engen (1996:177 e.v.) hanteer die Skrifberoep in sy verduideliking van Christus se uniekheid en sy model van *evangelism*. Hy verduidelik dat hy die gevolge van die sondeval volledig ernstig neem, maar dat Christus as nuwe Adam die heil volledig deurgee. Christus is die Hoof van die kerk en die kerk se taak is om in sending van Jesus, die Christus, te deel. Die kerk as lig vir wêreld moet haarself op die hele mensdom rig (Hand. 13).

> There is always room for one more forgiven sinner. But this also means that (contra the inclusivists) it is the church and not some cosmic idea that gathers disciples. This also signifies (contra the pluralists) that the church of which Christ is head is called to proclaim that Jesus is the Lord of all humanity, not just a Christ for the Christains. (Van Engen, 1996:186.)

Hy wil dus in die lyn van die Reformasie staan terwyl hy die Skrif binne konteks interpreteer.

### 4.1.4 C.J.H. Wright

In 'n resente sendingteologie toon Wright (2006) aan dat daar 'n sogenaamde meesternarratief (*grand narrative*) in die Bybel is. Dít stel Wright teenoor die postmodernistise beskouing. In sy hantering van die Skrif wys hy op die groot lyne wat deur die Bybel loop. God is die God van sending. God word geken in sy genade, maar ook in sy oordeel. In Christus maak God Homself radikaal bekend. Jesus deel die identiteit van Jahwe, vertoon dieselfde optrede, soos byvoorbeeld skepping, vervul sending van Jahwe en bevestig dat sending in die eenheid van God begrond word.

Wat die sonde betref, is hy (Wright 2006:119) van mening dat dit 'n essensiele element van die Skrif uitmaak: "Salvation, in its fullest biblical sense, involves more than forgiveness of sin – though that lies at the deepest core of it since sin is the deepest root of all other dimensions of need and danger from which God alone can save us."

Om aan te toon hoe Wright die meesternarratief interpreteer, kan na Christus se rol in die verlossing verwys word:

> The New Testament, then, building on the massive foundation of Israel's faith in YHWH, their saving God, sees the climatic work of God's salvation in the person and work of Jesus. And since the mission of God could be summed up in that one comprehensive concept that so dominates YHWH's character and intentions in the Old Testament – salvation – the identification of Jesus with YHWH puts him right at the center of that saving mission. (Wright, 2006:121.)

Wright se respek vir die Skrif stel hom op die lyn van die Skrifberoep in die Reformasie sonder om biblisisties of fundamentalisties te wees.

### 4.1.5 Die Nuwe hervorming

Die Skrifverstaan en Skrifberoep by die Nuwe hervorming lei tot ’n totaal nuwe verstaan van die teologie en daarom ook van sending (Muller, 2002). Vir die verstaan van sending is die pad reeds deur Bultmann oopgemaak deurdat die historiese bestaan van Jesus as geheimnisvolle “mite” beskou word. Min kan van Jesus se bestaan afgelei word. Wat wel waar is, is dat die beginsel van die liefde van groot belang is. Dit het dus nie sin om mense tot geloof in die unieke Jesus te lei nie, maar wel om mense te konfronteer met die liefde wat Hy uitgeleef het. Die soenverdienste van Jesus as gekruisigde word afgewys. Soos ’n mens jou taal waarvoor jy lief is ook met ander wil deel, so wil jy ook met jou godsdiens maak – maar dit het geen groter gesag as enige ander godsdiens nie (vgl. Wolmarans, 2002:224). Sending gaan op in medemenslikheid en in die deel van liefde. Die groot verhale van die Skrif is hiervolgens uitgedien. Die hier en nou is vir die Nuwe hervorming beslissend. Craffert (2002:86) skryf soos volg:

> Hierdie soort spiritualiteit word ingeskakel by die kragveld van God om ’n bepaalde lewensoriëntasie te skep en in stand te hou. Dit reik nie na verlossing eendag nie, maar streef om hemel hier op aarde te bewerkstellig. Dit praat eerder van ‘god in alles’ as van God as ’n wese buite die materiële werklikheid.

Die Skrifberoep bestaan in die oorweging van die Skrif in die lig van die postmoderne wêreld. Die tydsgees bepaal die uitleg. Die weg wat deur Bultmann aangetoon is, het hier volledige wasdom bereik. Skrifberoep is hiervolgens alleen vanuit die postmoderne verstaan van tekste moontlik.

## 5. Skrifberoep en Skrifgesag

### 5.1 Kommunikasie en Skrifgesag

Daar is verskeie interpreteerders van die Skrif wat wel meen dat die Skrif duidelik is en dat dit ook kan kommunikeer deur die Skriftekste binne die bepaalde verband van genre en agtergrond te beskou. Persone soos Heyns (1978) en Jonker (1977) het probeer om aan die Skrif reg te laat geskied en het in hulle dogmatiese denke bepaalde teksgedeeltes aanmekaargeskakel. Hulle was oortuig dat die Skrif nie stil is nie, maar wel kommunikeer en dat gevolgtrekkings vir die leer van die kerk daaruit gemaak kan word. Heyns (1976:164-165) stel dit soos volg: “Die duidelikheid hang nie in die lug nie; is nie ’n abstrakte eienskap nie en stel daarom nie en setel daarom nie in iets *buite* die Bybel nie ...”. Alhoewel daar al hoe beter verstaan

word dat 'n mens baie versigtig moet wees om bepaalde teksgedeeltes net op sigwaarde aanmekaar te skakel, kan die waarheid dat God in die Skrif sonder die bemiddeling van eksegete spreek, nie ontken word nie. Die gevaar dat die konteks nie genoeg verreken is nie, kom egter by Heyns en Jonker voor. Die reformatoriese beginsel van die *claritas* van die Skrif bly essensieel.

In sy hantering van die Skrif plaas Barth (1970:486) groot klem op die Christologiese:

> But the attestation of the resurrection of Jesus, which awakens faith and its knowledge, is itself again only the self-attestation of God by the Holy Spirit. In the final analysis, therefore, we have to say that Holy Scripture testifies to and for itself by the fact that the Holy Spirit testifies to the ressurrection of Christ and therefore that He is the incarnate Son of God.

Barth het dus ook 'n nuwe hantering van die Skrif aanvaar, maar met sy streng Christologiese uitgangspunt het hy tog, anders as Bultmann, die direkte kommunikasie van tekste oopgelaat.

In 'n belangrike bydrae lewer Durand (2005) riglyne vir die verstaan van die Skrif in die lig van die perspektiewe van die Nuwe hervorming. Hy toon aan dat die Nuwe hervorming wel vir die geloof tot 'n doodloopstraat lei. Alhoewel die Bybel nie goddelike diktate is wat werktuiglik deur mense neergeskryf is nie, openbaar hy tog diep respek vir die Woord. Hy is oortuig dat die Skrif ten opsigte van die saak waaroor dit wil getuig, betroubaar is en dat die *scopus* van die Skrif die samehang van die Bybelse boodskap bevestig. Hy beklemtoon ook die transendensie van God en wys op die gevaar om bloot immanent oor God te dink. Durand (2005:106-107) beskryf sy standpunt soos volg:

> Met die gedagte van die die skopus van die Skrif word niks anders bedoel nie as dat die Bybel in sy geheel 'n **saak** het waarom dit in die inhoud van die Bybelteks gaan. Die Bybel het 'n sentrale bedoeling van waaruit die totaliteit van die Bybelteks gelees en geïnterpreteer moet word: die **boodskap** van God se verlossende handelinge in die koms, sterwe en opstanding van Jesus Christus wat as die **lewende Woord van God** tot ons kom ... Om die Bybelteks los van hierdie sentrale bedoeling van God te probeer interpreteer, kan lei tot 'n verdraaing van die eintlike betekenis daarvan **wat die werklike hoor van die lewende Woord van God versteur en blokkeer.** (Vetdruk – Durand.)

Wanneer hierdie oortuiging, naamlik dat God werklik bestaan en dat Hy Homself in Jesus Christus openbaar het, betwyfel word, loop sake uiteen. Hierdie gedagtes van Durand is van groot belang. Alhoewel kritiek wel teen 'n oorspanning van die skopusgedagte uitgespreek kan word, is dit tog helder en duidelik dat die Bybel ten opsigte van hierdie sentrale saak duidelik kommunikeer.

Hoe kom ons nou vanuit die verstaan van die lees van die Skrif, vanuit die erkenning dat dit historiese bronne is en historiese gelees moet word, tot 'n verstaan van die geheel? Hoe kan die verpakking van die historiese weggeneem word en die essensie tog nog behou word sonder om ook die historiese prys te gee en die historiese daarmee te ondermyn? Spreek die Skrif inderdaad nog in die moderne en postmoderne wêreld? Hoe spreek die Skrif in die wêreld? Is dit nog moontlik om van sending te praat en hoe praat die Skrif daaroor?

Buitendag (2008:1147) vra in hierdie verband of 'n mens nie eerder van "God met ons" as van die openbaring van God in die Skrif moet praat nie; sodoende kry die gelowige nie twee bronne nie, maar 'n "gestalt" waarin sy/hy tot verhaal kom. Hy kies steeds vir 'n rasionele benadering waarin hy sê dat dit noodsaaklik bly "om juis God se stem te hoor soos deur die Skrif en tradisie geresoneer word en nie deur die weerklank van ons eie stemme nie" (Buitendag, 2008: 1147).

Die Skrif spreek egter. Dit is nie stil nie. Die wêrelde van die Ou en Nuwe Testament aan die een kant en die moderne wêreld aan die ander kant is nie so vervreemd van mekaar dat geen logiese lyn van kommunikasie moontlik is nie. Daar is geweldig baie ten opsigte van God se openbaring wat steeds spreek, ook in die moderne wêreld. God openbaar Homself in die Skrif in sy liefde deur sy Seun, Jesus Christus.

Die vraag is of verskillende aspekte van die teks op verskillende maniere gesien kan word? Kan 'n mens dus in die Skrifberoep in sending reglynige lyne vanaf die verstaan van die sonde, hemel en hel, ewigheid, eskatologie, bekering en toewending na die mens trek? Kan daar dus vanuit die Bybelse beginsels van die bepaalde tekste wat ons lees sulke reglynige verbintenisse gemaak word met die beginsels dat mense hulle tot God moet wend en dat hulle heil in God sal vind?

Dit is gevaarlik om sommer net direk reglynig te redeneer, maar in die Skrifberoep in sending kan die Skrif nog aangewend word om

bepaalde aspekte van hierdie sake na vore te bring. Die werklikheid wat ons met die ou wêreld deel, maak dit moontlik dat tekste wel God se openbaring kommunikeer. God se openbaring is nie stil nie, anders sou die mens self moet bepaal wat hy/sy kan behou en wat gelaat moet word. Hier sou die verwysing na die skopus van die Skrif wel sinvol wees.

### 5.2 Wêreldbeeld en Skrifverstaan

Dit is veral diegene wat die wêreldbeeld van die Bybel bevraagteken, wat na 'n nuwe interpretasie vra. Die bekende wêreldbeeld van die Ou en Nuwe Testament veronderstel byvoorbeeld die aarde waarop mense woon met 'n hemel daarbo en water onder die aarde. Hierdie wêreldbeeld kan uit die aard van die saak nie meer so erken word nie. Dat God egter wel bestaan en dat die beginsel van sy ryk wel voorkom, word nie deur die veranderde wêreldbeeld opgehef nie. Die wesenlike waarhede van die Skrif word nie deur 'n verandering in die wêreldbeeld opgehef nie. Dat die wêreldbeeld verskil, beteken nie dat die saak nie meer voorkom nie. 'n Spesifieke voorbeeld is die bestaan van die duiwel. Omdat die wêreldbeeld oor die *voorstelling* van die duiwel verander het, beteken dit nie dat hy *nie bestaan nie.* Hierdie stellings moet egter beredeneer word. Waarom sou Bultmann nie korrek wees wanneer hy meen dat die voorstelling van 'n bepaalde saak op mitologiese wyse ook beteken dat die saak agterhaal is nie? Wat die Skrifberoep betref, is dit 'n belangrike vraag. Ek beskou die Bybel as die volledige openbaring van God. Dit is egter 'n antieke boek. Watter sake is dus steeds relevant?

### 5.3 Skrifberoep en die grondslae van sending as evangelisasie

In die lig van die voorafgaande is die vraag of die Skrif wel gebruik kan word om sending as die bediening van die versoening te verstaan, en hóé dit dan gedoen moet word.

#### 5.3.1 Sonde en verlossing

Om hierdie sake verder te oorweeg, word na die perspektief op die sonde gekyk. Wanneer oor die sonde gepraat word, moet vanuit verskillende hoeke na die sonde gekyk word en moet die verskillende aspekte daarvan in die Skrif verreken word. Die bepaalde aksent van die sonde moet binne die bepaalde perikoop en binne die bepaalde historiese verband oorweeg word, sonder om dit a-histories te lees. Dit moet dus binne 'n bepaalde historiese verband geëvalueer word, sodat die essensie daarvan vasgevat kan word.

Die vraagstuk wat nou hanteer moet word, is waarom daar erken kan word dat die wêreldbeeld verander het, byvoorbeeld ten opsigte van ’n “plat aarde”, maar nie dat die beskouing oor die sonde, wat eweneens volgens sommige tydgebonde is, ook verander het nie.

Daar kan nie geredeneer word dat die wese van die begrip *sonde* so verhul is in die wêreldbeeld dat die saak nie meer voorkom nie. Kommunikasie bly moontlik tussen kulture en groepe, selfs al is daar groot verskille in lewensbeskouing. Hierdie kommunikasie maak dit moontlik om vanuit die algemene menslikheid sekere algemene beginsels af te lei. Hierdie beginsels moet altyd uit die groter geheel rondom die teks en geskrif afgelei word. Indien dit nie moontlik sou wees nie, sou alle kommunikasie ondenkbaar wees. Maar dit is juis moontlik omdat daar wel, ten spyte van wêreldbeskoulike verskille oor enkele sake, oor grense heen gekommunikeer kan word. Indien dit ’n saak is wat met die wêreldbeeld saamhang, sou dit uit die verbintenis met ’n bepaalde wêreldbeeld blyk, maar indien dit altyd-geldende sake is, sou dit uit die waarheid binne verskeie wêreld-beelde blyk. ’n Saak soos die sonde kom in verskillende gedeeltes voor en kommunikeer in die Skrif self oor verskeie grense heen. Die Skrif kommunikeer dus op verskillende wyses, maar tog ook steeds direk oor die sonde. Dit word deur die hele Skrif voorgedra. Dit kan nie bloot weggeredeneer word nie. Die lyn van die werklikheid van die sonde wat deur die Skrif loop, kan erken word en juis daarom bly dit kommunikeer (vgl. ook Rom. 5). Dit is moontlik om met aan-vaarbare eksegetiese en hermeneutiese metodes steeds te bly ver-kondig dat die mens radikaal sondig en verdorwe is en verlossing nodig het, juis omdat dit binne verskeie wêreldbeelde altyd-geldend is. Al word teen Kuyper se reglynige interpretasie van die sondeval gewaak, bly die perspektief van die werklikheid van die sondeval, soos deur hom en Calvyn uitgelig, steeds geldig. Al moet daar teen reglynige interpretasie gewaak word, is dit moontlik om vanuit die teks, die geheel en die beginsel van kommunikasie wel die waarheid van die sonde te erken. Indien dit nie moontlik was nie, sou tekste nie kon kommunikeer sonder die ingeligte interpretasie van enkele ingewydes nie. Die argument dat byvoorbeeld slegs die liefde altyd-geldend is, sou ook deur sommiges verwerp kon word, omdat hulle nie die liefde as beginsel aanvaar nie, aangesien hulle byvoorbeeld vir ’n eie voortbestaan kies. Die liefde is egter altyd-geldend omdat die lyn deur die Bybel loop, die kommunikasie daarvan in die teks bevestig word en dit saamhang met die openbaring van God. Dit is egter ook waar van die sonde.

Volgens my is ’n Christologiese hermeneutiek uiters belangrik. Christus vorm die sentrale wentelpunt in die hermeneutiek van die Skrif (vgl. Paulus in 1 Kor. 2; Heyns, 1978 en Barth, 1970). Christus se kruisdood kan ook nie soos by Bultmann as implikasie van ’n ver-vloeë wêreldbeeld beskou word nie. Die historiese element daarin gee aan die gebeure ’n bo-tydelike grondslag. Die teks kommuni-keer met begrippe wat steeds voorkom; Jesus is juis die Plaas-vervanger om die heil te bring en Hy *is* inderdaad ons versoening (2 Kor. 5:11-21).

Die beginsel geld steeds omdat die versoening in die Skrif so ’n sentrale saak is wat met die betekenis van Christus self saamhang. Die wêreldbeeld verander nie aan die kruisgebeure nie, omdat dit juis die versoening uitbeeld. Die interpretasie van die historiese ge-beure kan dus nie eenvoudig weggeredeneer word net omdat daar *vanuit ’n nuwe wêreldbeeld beswaar teen aspekte daarvan is nie*.

### 5.3.2 Die lewe na die dood

In die hermeutiek wat ek voorstaan, speel meerdere attestasie ook ’n belangrike rol. ’n Saak wat op meerdere wyse deur die Skrif voor-gedra word, kan nie sondermeer as bloot tydgebonde beskou word nie. Dit hang saam met die reformatoriese beginsel van *Sacra Scrip-tura sui ipsius interpretes est*. Die eskatologie, die lewe na die dood, kan in die lig daarvan oorweeg word. Verskillende aspekte van die lewe na die dood kom na vore. Die vraag hoe daardie verskillende aspekte verreken word en op watter wyse dit in bepaalde tekste be-tekenis het, word aangeraak. Johannes (Joh. 5:24-29) se verstaan van die lewe na die dood en die opstanding uit die dood verskil byvoorbeeld van Paulus in 1 Korintiërs 15. Die verskillende aksente moet gerespekteer word, omdat daar verskillende aspekte is wat verreken moet word. Hierdie verskillende aspekte moet in die ver-skillende tekste opgeweeg word en dan kan die appèl daaruit voort-vloei. Die saak van die lewe na die dood staan egter vas, omdat die meerdere attestasie dit bevestig. Die verskille raak nie die saak waaroor dit gaan nie. Die saak word deur die verskillende ekspo-nente bevestig. Die wêreldbeeld kan dus nie gebruik word om die saak te ontken nie. Die saak word deur meerdere bewyse bevestig.

### 5.3.3 Hemel en hel

Dieselfde geld vir sake soos hemel en hel. Die sterk historiese ele-ment wat byvoorbeeld in konsepte rondom die hemel en die hel in die Bybel voorkom, moet erken word. Die hemel en die hel word in die Bybel in sterk taal voorgestel sodat ’n mens die verskillende

aspekte daarvan duidelik kan sien. In die Skrifberoep sal hierdie verskillende kommunikasie oor die hemel en hel verstaan moet word (vgl. Matt. 23-25). 'n Mens sal die verskillende aspekte van die verstaan hiervan na vore moet bring en uiteindelik in bepaalde konsepte moet deurgee. Die konkrete gestalte waarin die begrippe in die Bybel gegiet word, hang saam met die wêreldbeeld, maar dit is eweneens duidelik dat dit nie sonder meer afgewys kan word nie. Die veranderende wêreldbeeld sluit nie die moontlikheid van die bestaan daarvan uit nie. Pogings om die saak in die lig van die tydsgees te verstaan, lei tot die volle ontkenning van die bestaan daarvan. Dit is egter onjuis om 'n saak weens die verstaan van die tydsgees af te wys.

Oor die bestaan van hemel en hel word indringend geredeneer. Beswaar teen die begrippe sentreer rondom die gedagte dat dit premoderne interpretasies van die werklikheid is. Daarvolgens word hemel en hel metafore van bestaan wat totaal nuut interpreteer moet word. Janse van Rensburg en Van Eck (2008:1499 e.v.) dui aan hoedat die begrip *hel* afgewys word weens die moderne mens se weersin in die moontlikheid van 'n ewige straf wat nie ooreenkom met die mens se "sonde" nie, die teenstrydigheid van 'n liefdevolle God wat so wreed oordeel en die interpretasie van hemel en hel as agterhaalde begrippe. Hulle (Janse van Rensburg & Van Eck, 2008:1502-1503) is wel van mening dat die kerkpubliek nie noodwendig die teoloë se afwysing van die begrip deel nie. In 'n eksegetiese beoordeling wys hulle op die oorsprong van die Nuwe-Testamentiese verwysings na die hel en kom tot die gevolgtrekking dat, hoewel die Nuwe Testament sterk op die mitologiese agtergrond van konsepte soos nadoodse straf steun, dit tog deeglik in die sinoptiese Evangelies aangedui word (Janse van Rensburg & Van Eck, 2008:1518). Hulle meen dat die begrip nie so sterk by Paulus voorkom nie, maar wel dat hy aandui dat jy uitgesluit kan word uit die ewige lewe indien jy nie die evangelie aanvaar nie (Janse van Rensburg & Van Eck, 2008:1519). Hulle konkludeer soos volg:

> Doing away with everlasting punishment in a fiery hell need not entail a denial of the idea of retribution itself. There is nothing unethical in the notion of a post-mortem judgement; on the contrary such a judgement may well seem desirable from an ethical point of view – if it does not take place on an 'absolute right-wrong' basis and if the punishment are not extravagant or eternal. Whether one can still believe in such a judgement in the framework of a modern world-view is another question, and so is the question whether one can get rid of hell without

> simultaneously losing heaven. (Janse van Rensburg & Van Eck, 2008:1522.)

Daarmee moet inderdaad saamgestem word. Indien die Skrif se getuienis gelaat word, verloor die hemel ook sy betekenis, en die sin van die evangelie gaan ook verlore.

Die vraag rondom die Skrifberoep is egter of dit nog steeds moontlik is om hemel en hel as werklikheid te beskou. Kan 'n mens vanuit die gedeeltes waar Jesus wel die werklikheid van hemel en hel voordra steeds mense vanuit die werklikheid daarvan oproep tot bekering?

Die eerste opmerking is weereens oor die kommunikasie van die teks self. Jesus se verwysing na die hemel en hel kommunikeer steeds direk. Die belofte en die waarskuwing daarvan kom steeds voor, alhoewel die implikasies daarvan ten opsigte van die inkleding van die konsepte mag verskil. Die waarheid van die Skrifberoep sou slegs as premodern op die vlak van byvoorbeeld 'n plat aarde beskou kon word indien die vlak van kommunikasie in die moderne/ postmoderne wêreld vervang is deur ander konsepte wat nie moontlik is nie.

Jesus waarsku uitdruklik teen die sonde en die gevolge daarvan en gebruik die beeld van Gehenna by Jerusalem om die oordeel daaroor aan te dui. Hierdie werklikheidsbeeld bevestig juis dat die hemel en hel nie onwerklik is nie. So werklik soos die brandende ashoop by Jerusalem, is die konsep van die hel. Dit kan wel anders ingeklee word, maar die bestaan daarvan kan nie ontken word nie. Dit beteken juis dat daar in sending ook waarskuwings oor die oordeel van God moet wees, maar dan ook juis die verkondiging van die heerlike heil en volkome verlossing wat onuitspreeklik groot is.

## 6. Riglyne

Watter riglyne bestaan om die Skrif tot sy reg te laat kom, en terselfdertyd nie in fundamentalisme en biblisisme te verval nie, waar byvoorbeeld die beeld van die plat aarde steeds in die konsepte figureer en die Skrifberoep eenduidig voorkom?

Wanneer Jesus sekere sake aan die orde stel, moet dit met groot eerbied bejeën word en moet daarteen gewaak word dat die wêreldbeeld nie so 'n oorweldigende rol in die gedagte van die leser speel dat die betekenis daarvan afgewys word nie, soos byvoorbeeld in verwysings na die hemel en die hel.

Skrif moet altyd met Skrif vergelyk word waar onsekerheid bestaan. Hierdie reformatoriese beginsel beteken nie dat verskillende genres misken word nie, maar juis dat die genres op mekaar inspeel. Dit is juis reformatories om byvoorbeeld die waarheid van 1 Korintiërs 15 met die opstandingsverhale in verband te bring al behoort dit tot verskillende genres. Meerdere attestasie is dus van groot belang. Die Christologiese uitgangspunt in die hermeneutiek bly steeds relevant. Die Skrif getuig nie alleen van Christus nie, maar moet ook in die lig wat van Hom kom deur die Heilige Gees gelees word.

Wat dus essensieel is, is om die Skrif te benader vanuit die oortuiging dat die Skrif spreek en nie stil is nie; dat die Skrif nie so onduidelik is dat die uitleg alleen maar deur ingewyde eksegete gedoen kan word nie.

## 7. Slot

Die Skrif is nie slegs vir gebruik deur teoloë nie. Die teologie gee duidelike riglyne deur, maar die belydenis van gereformeerdes dat die Skrif duidelik is (die *claritas* van die Skrif), maak dit moontlik dat dit deur almal gelees kan word. Die belydenis geld ook vir die Skrifberoep. Talle pogings om die Skrif se duidelike betekenis weg te redeneer, het tot groot skade gelei. Die getuienis van die Skrif kom egter tot uiting in die Skrifberoep. Eerbied vir die Skrif veronderstel wel dat elke moontlike getuienis oorweeg word om tot die volle waarheid te kom. Daarin kom die Heilige Gees ons steeds te hulp.

## Geraadpleegde bronne


BARTH, K. Church dogmatics. Vol. 1: The doctrine of the Word of God: prolegomena to church dogmatics. Part 2. Edingburgh: Clark.

BAVINCK, J.H. 1954. Inleiding in de zendingswetenschap. Kampen: Kok.

BOCK, E. 1981. Saint Paul: life, epistles and teachings. Edingburgh: Floris.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis.

BUITENDAG, J. 2008. “God met ons” gelowig nagedink oor die Skrif. *HTS teologiese studies*, 64(3):1131-1154.

BULTMANN, R. 1952. Theology of the New Testament. Vol. 1. London: SCM.

BULTMANN, R. 1985. New Testament and mythology, and other basic writings. Trans. by S.M. Ogden. London: SCM.

BULTMANN, R. 1987. Faith and understanding. Trans. by L.P. Smith. Philadelphia: Fortress.

CALVYN, J. s.a. Institutie of onderwijzing in de Christelijke godsdienst. Vert.: A. Sizoo. Eerste deel, omvattende boek 1 en 2. 7e druk. Delft: Meinema.

CHILTON, B. 2004. Rabbi Paul: an intellectual biography. New York: Doubleday.

CRAFFERT, P.F. 2002. Die Nuwe hervorming: wat, waaroor, waarheen? (*In* Muller, P., *red*. 2002. Die Nuwe hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis. p. 67-87.)

DERRIDA, J. 2002. Acts of religion. Ed. and with an introd. by Gil Anidjar. New York: Routledge.

DURAND, J. 2005. Doodloopstraat van die geloof: 'n perspektief op die Nuwe hervorming. Stellenbosch: Rapid Access.

ENGBERG-PEDERSEN, T., *ed.* 2004. Paul in his hellenistic context. London: Clark.

HAYS, R.B. 1989. Echoes of Scripture in the letters of Paul. New Haven: Yale University Press.

HEYNS, J.A. 1976. Brug tussen God en mens. Pretoria: NG-Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: NG-Kerkboekhandel.

HORREL, D.G. 2006. An introduction to the study of Paul. London: Clark.

JANSE VAN RENSBURG, H. & VAN ECK, E. 2008. Hell revisited: a socio-critical enquiry into the roots and relevance of hell for the church today. *HTS teologiese studies*, 64(3):1499-1525.

JOHNSON, R.A .1974. The origins of demythologizing. Leiden: Brill.

JONKER, W.D. 1977. Christus die Middelaar. Pretoria: NG-Kerkboekhandel. (Wegwysers in die Dogmatiek, 2.)

KOCH, D-A. 1986. Die Schrift als Zeuge des Evangeliums. Tübingen: Mohr.

KUYPER, A. s.a. De gemene gratie. Deel 2: Het leerstellig gedeelte. Kampen: Kok.

KUYPER, A. 1881. De hedendaagsche Schriftcritiek in hare bedenkelijke strekking voor de gemeente des levenden Gods: rede bij het overdragen van het rectoraat der Vrije Universiteit, gehouden den 20 sten October 1881. Amsterdam: Kruyt.

MULLER, P., *red*. 2002. Die Nuwe hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis.

ROBERTS, R.C. 1976. Rudolf Bultmann's theology: a critical interpretation. Grand Rapids: Eerdmans.

SAMPLEY, J.P., *ed*. 2003. Paul in the Greco-Roman world: a handbook. London: Trinity.

SCHREINER, T.R. 2001. Paul apostle of God's glory in Christ: a Pauline theology. Downers Grove: InterVarsity.

VAN ENGEN, C. 1996. Mission on the way: issues in mission theology. Grand Rapids: Baker.

VAN KEULEN, D. 1999. The internal tension in Kuyper's doctrine of organic inspiration of Scripture. (*In* Van der Kooi, C. & De Bruijn, J. Kuyper reconsidered: aspects of his life and work. Amsterdam: VU Uitgeverij. p. 123-130.) (VU Studies on Protestant History, 3.)

VAN ZYL, H.C. 1986. Die Nuwe Testament se gebruik van die Ou Testament – model of norm? *Fax theologica*, 6(1):37-77.

WITHERINGTON III, B. 1998. The Paul quest: the renewed search for the Jew of Tarsus. Downers Grove: InterVarsity.

WOLMARANS, H. 2002. Jesus, die heroïese patroon en ons. (*In* Muller, P., *red*. Die Nuwe hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis. p. 196-224.)

WRIGHT, C.J.H. 2006. The mission of God: unlocking the Bible's grand narrative. Nottingham: InterVarsity.

**Kernbegrippe:**

hemel en hel
sending
Skrifberoep
verlossing

**Key concepts:**

heaven and hell
mission
references to Scripture
salvation